LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za

31 Mei 2018

OMSENDBRIEF 17/2018

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ek wil die ouers hartlik bedank vir die samewerking wat u gee wat betref die veiligheid van die leerders wat ons verlede week aangespreek het. Dit gaan al heelwat beter.
Sterkte aan al ons sportspanne wat in die volgende paar weke hul liga-bepalings afhandel.
'n Woord van dank ook aan al ons ouers vir die volgehoue aanmoediging en betrokkenheid ten opsigte van die akademie, sport- en kultuur aktiwiteite wat by die skool aangebied word.
Ten slotte deel ek graag hierdie week met u 'n aspek wat ons as belangrik beskou vir 'n goeie karakter, naamlik VERANTWOORDELIKHEID.

- Doen wat jy veronderstel is om te doen.
- Hou aan probeer; deursettingsvermoë.
- Doen altyd jou beste.
- Wees self-beheersd.
- Beoefen self-dissipline.
- Dink voor jy optree en bedink die gevolge van jou optrede.

Wat jy by die huis kan doen:

- Gee vir jou kinders take om te doen. Wys hulle presies hoe jy dit gedoen wil hê en gee hulle 'n afsny-datum/tyd. Maak hulle verantwoordelik vir dinge in die huis waarmee hulle kan help. Maak seker dat jy dankie sê en hulle erkenning gee.
- Herhaal telkens hoe belangrik hulle skoolwerk is. Verduidelik dat hulle toekoms in hulle hande alleen lê en hoe hulle verantwoordelikheid vir hulle toekoms en drome moet aanvaar.
- Stel familie doelwitte op en plak dit op die yskas.

Ouers kan verantwoordelikheid bevorder deur:

1. Fokus op positiewe houdings en pogings en nie altyd die eindresultaat nie.
2. Beloon goeie besluite wanneer jy weet dat die teenoorgestelde keuse makliker sou wees.
3. Neem eienaarskap vir foute en maak hulle so gou as moontlik reg.
4. Ontwikkel hoë verwagtinge en wys die gevolge van swak keuses uit.

Om in ag te neem:

Alles wat ons doen, maak 'n verskil. Wat ons sê en doen veroorsaak 'n kettingreaksie wat die lewens van ander affekteer. Om NIE te kies nie, is ook 'n keuse!

Fokus-area: Elektroniese media

- In Januarie 2010 het 'n opname getoon dat die ouderdomsgroep 8-18 jaar gemiddeld 53 ure per week spandeer op elektroniese media (TV, selfone, video-speletjies, Facebook, Twitter, Youtube ens.)
- Stel reëls op aangaande hoeveel tyd jou kind aan elkeen van hierdie media-vorme mag spandeer.
- KYK SAAM MET JOU KIND waarna hulle kyk en maak hulle bewus waar die waardes voorkom of tekort skiet.
- Verduidelik en wys vir hulle uit waar advertensies misleidend is – wees attent op die boodskappe van die media bv. almal moet aantreklik en maer wees. Gaan kyk op *Youtube "Dove Evolution*".
- Let baie noukeurig op na geweld en die rol wat dit speel in flieks. Wees ook bewus van subtiele geweld wat voorkom in reekse soos CSI.

Vir nog riglyne, besoek "*Parent's Place*" by www.fcc.gov/parents

"The only reason for evil to prevail...is for good men to do nothing."

2. EKSAMENROOSTER EN WEEKPROGRAM (GR 4-7)

Leerders met skriftelike toestemming mag om 13:00 verskoon word. Die res bly in toesigklas tot 13:40.

Weeksdag	**EKSAMEN Gr 4-6**	**EKSAMEN Gr 7**
Maandag, 4de Junie	**NW EN TEG**	**NW**
Dinsdag, 5de	**WISKUNDE**	**WISKUNDE VR 1**
Woensdag, 6de	**PSW**	**SW** Geskiedenis

Donderdag, 7de	**ENG** Paper 1 – Comp & Lang (GR 6 Departementele Vraestel word in Sessie 1 geskryf)	**ENG** Paper 1 – Comp & Lang
Vrydag, 8ste	GEEN	**SKEPPENDE KUNS**
Gewone skooldagrooster hervat vanaf Maandag, 11 Junie		
Weeksdag	**Wisseldag / Vraestel**	
Maandag, 11 Junie	**Dag 1** Slegs Gr 6 - **WISK** Dept Vraestel gedurende Aktiwiteitsperiode	
Dinsdag, 12de	**Dag 2**	Hokkiekliniek Dogters o/10 en o/11
Woensdag, 13de	**Dag 3** Slegs Gr 6 – **NW en Teg** Dept Vraestel gedurende Aktiwiteitsperiode	
Donderdag, 14de	**Dag 4**	Hokkiekliniek Dogters o/12 en o/13
Vrydag, 15de	**Dag 5**	
Saterdag, 16de	**Jeugdag**	Landloop Interprovinsiaal (Zeerust)
Sondag, 17de	**Vadersdag**	

3. OPPIE-TONG-AF REDENAARS

Inskrywingsvorms vir Oppie-tong-af Redenaars is by Mev Jooste beskikbaar. Items waarvoor ingeskryf kan word is soos volg: Afr Voorbereid, Afr Span Voorbereid, Eng Prepared of Eng Group Prepared. Dit vind plaas vanaf 23-27 Julie te Curro Hazeldean. Sluitingsdatum vir inskrywings is 12 Junie. Kostes beloop R160 per leerling of R440 per groep.

4. OMGEE PROJEK

Baie dankie vir die ouers wat reeds vir ons kosskenkings gestuur het! Dit word opreg waardeer. U kan steeds enige van die onderstaande items skool toe stuur (na Mnr D Smit in T6):

Gr 1 Mieliemeel / Koekmeel / Bakpoeier ens, Pakkies Soppoeier, Souspoeier
Gr 2 Koffie / Tee / Poeiermelk / Langlewe melk / Suiker
Gr 3 Blikkieskos (Bv Baked Beans, Tuna, Mielies ens)
Gr 4 Bad- en/of lyfprodukte (Seep, Shampoo, Deodorant, Tandepasta ens)
Gr 5 Toiletpapier, Wasgoedseep, Versagmiddel, Sunlightseep ens
Gr 6 Pakkies Soya, Grondboontjiebotter, Rys, Pasta ens
Gr 7 Konfyt / Kaassmeer of enige ander smeermiddels vir brood

5. MERK VAN SKOOLKLERE

Aangesien die skoolklere baie duur is, en ons voortdurend ongemerkte verlore klere by die klerebank kry, bied ons u die geleentheid om u kind se naam op die skoolklere te laat borduur teen R20 per item. Vlootblou skoolserpe is ook beskikbaar vir die winter teen 'n bedrag van R50 per serp. Dit sluit die borduur van die kind se naam in. Indien u belangstel, voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie en stuur dit saam met die kledingstuk wat gemerk moet word en die korrekte bedrag na Mnr Braam du Plessis se klas na K2.

6. SWARRIE UITBLINKERS

Baie geluk aan die volgende leerders met hul prestasies:

Sadi Janse van Vuuren (Gr 6) dring deur na die Nasionale Finaal van die Artisticulta Redenaars kompetisie wat op 9 Junie plaasvind.

Swarrie Groete

MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

S&J Electrical – Enige elektriese herstelwerk en dienste.
Kontak Steven Niemand 0795745655

Merk / Bestel van Skoolklere

Naam en Van wat geborduur moet word: _____
Graad en klas: _____
Merk van klere (R20 per item)- Aantal items wat gemerk moet word (items hierby ingesluit) _____
Aantal serpe bestel (R50 elk)_____ Bedrag ingesluit _____
Naam van Ouer _____ Sel nr _____